lapa
UITGEWERS



Hierdie boek behoort aan:







FANIE VILJOEN

# SPRINGBOEKIE

ILLUSTRASIES DEUR
ELSABÉ EBERSÖHN



www.lapa.co.za

1

# DIE GROOT SKRIK



**Nie** alle springbokke speel rugby nie. Een springbok doen iets heeltemal anders.

Hy lees boeke.

Baie, baie boeke.

Sy naam is **SPRINGBOEKIE!**

Eendag staan Springboekie voor sy boekrak. Dis gekerf uit 'n groot boomstam. Digte bosse groei om die boom. Dis hoekom jy die boekrak en die oopte in die middel moeilik sien. Dis waar Springboekie altyd lees – soos vandag.

Sy oë dwaal oor al die boeke. Watter een kan hy volgende lees?

Hy byt sy tong vas – soos hy dink.

Hy krap sy kop met sy poot – soos hy wonder.

Hy trek sy mond – soos hy besluit.

"AAH!" roep Springboekie hard. Hy trek 'n dik boek uit die rak. "**DIE GROOT BOEK VAN SPROKIES**."

Springboekie gaan lê op sy rug voor die boekrak. Die mat van gevlegte gras is sag onder hom. Hy skuif 'n wilde waatlemoen onder sy kop in – versigtig sodat dit nie aan sy kort horings haak nie. Dan slaan hy die boek oop. Dit het die mooiste prente van vlakvark-feetjies, kraai-konings en skilpad-soldate. Springboekie se gunsteling is van 'n muishond-meermin.

Springboekie kry die eerste storie in die boek. Pure lekkerkry ril deur hom. Watse avontuur gaan hy nou in die storie beleef?

"Eendag was daar ..." lees hy.

Skielik is daar 'n harde brul.

**GRRR-RRR-RRR-AUUU!**

Springboekie klap die boek toe. Sy hele lyf word koud. Sy stert knyp benoud.

**GRRR-RRR-RRR-AUUU!**



**GRRR-RRR-RRR-AUUU!**

O bokveld, dis 'n leeu!

Springboekie is dadelik op sy pote. Hy trap rond en bont. Sy bene knoop soos bobbejaan-toue.

**Oefff!** val hy oor sy boek.

Hy spring weer regop.

Sy oë rek so groot soos volstruiseiers.

Sy hart bons-bons-bons wild in sy bors.

Hy wil weg wip.

Maar hy spring hom disnis teen iets vas.

**DIE LEEU!**

